kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: O my seun Absalom! My seun, my seun Absalom!

Skriflesing: 2 Samuel 18:5-19 en 28-33

Broodjies vir die pad

"The truth was obscure,
Too profound and too pure,
To live it you had to explode"
— Bob Dylan

"Don't judge each day by the harvest you reap but by the seeds that you plant."
— Robert Louis Stevenson

"If a nation loses its storytellers, it loses its childhood."
— Peter Handke

The Revelation of God is not a book or a doctrine, but a living Person.
-Emil Brunner

"The world breaks every one and afterward many are strong at the broken places."
— Ernest Hemingway, A Farewell to Arms

"We were built to count, as water is made to run downhill. We are placed in a specific context to count in ways no one else does. That is our destiny."
— Dallas Willard, The Divine Conspiracy: Rediscovering Our Hidden Life In God

"I decided it is better to scream. Silence is the real crime against humanity."
— Nadezhda Mandelstam, Hope Against Hope

"Was music once a proof of God's existence? As long as it admits things beyond measure, That supposition stands."
— Seamus Heaney, Opened Ground: Selected Poems, 1966-1996

A truth that is merely handed on, without being thought anew from its very foundations, has lost its vital power.
Hans Urs von Balthasar

"Sometimes a scream is better than a thesis."
— Ralph Waldo Emerson

"Everyday courage has few witnesses. But yours is no less noble because no drum beats for you and no crowds shout your name."
— Robert Louis Stevenson

"How does it feel, how does it feel to be without a home, like a complete unknown, like a rolling stone."
— Bob Dylan

die kind is doodgeskiet deur 'n polisieman in Pietermaritzburg

(na Ingrid Jonker se "die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga")

die kind is dood
die kind lig sy oë om hulp na sy moeder
wat steeds hees Afrika skree, skree die drang
van vryheid in die plakkerskampe van 'n kliphart.
die kind lig sy oë om hulp na sy vader
in die optog van generasies
wat hulpeloos demokrasie skree, skree deur die
stank van armoede en bloed
in die strate van sy verlore trots

die kind is dood
nou by Soweto en nou by Durban
nou by Alexandra en nou by Vosloorus
nou by die winkel in Pietermaritzburg
waar hy lê met 'n witbrood onder sy arm

die kind is die puin van leë beloftes
vergete in die bouval van hoop
die kind is afwesig by vergaderings en wetgewings
die kind word versmoor in fluisteringe in die harte
van moeders
die kind wat net wou speel in die son in Suid-
Afrika is nêrens
die kind wat 'n man sou word is reeds stof
die kind wat 'n reus sou word reis naamloos deur
koerante
sonder 'n stem.

Ilze du Plessis

"The soul is like a wild animal—tough, resilient, savvy, self-sufficient and yet exceedingly shy. If we want to see a wild animal, the last thing we should do is to go crashing through the woods, shouting for the creature to come out. But if we are willing to walk quietly into the woods and sit silently for an hour or two at the base of a tree, the creature we are waiting for may well emerge, and out of the corner of an eye we will catch a glimpse of the precious wildness we seek."
— Parker J. Palmer, A Hidden Wholeness: The Journey Toward an Undivided Life

"How many times must a man look up
Before he can see the sky?
Yes, 'n' how many ears must one man have
Before he can hear people cry?
Yes, 'n' how many deaths will it take till he knows
That too many people have died?
The answer, my friend, is blowin' in the wind,
The answer is blowin' in the wind."
— Bob Dylan

Deernis, moed tekenend van Olimpiese lewe

Wilhelm Jordaan

Die fanfare oor Tatjana Schoenmaker se skitterende wêreldrekord en goue medalje op die Olimpiese Spele in Tokio bevestig opnuut mense se fassinasie met sportprestasies.

Soos dit in die amptelike leuse van die Olimpiese Spele verwoord word – in die Latynse woorde citius, altius en fortius, wat "vinniger, hoër en sterker" beteken.

Dit is goed om juis nou, te midde van die lewensontwrigtende Covid-19-pandemie, die deelnemers se moed, vasberadenheid en deursettingsvermoë te aanskou; hoe hulle die leuse waar maak. Daaruit kom gepaste bewondering en heldeverering.

Terselfdertyd is dit ook goed om – verby die Spele se opsienbarende heroïek – herinner te word aan die klein heroïek van mense se alledaagse bestaan. Want as ons dít vergeet, word heldhaftigheid beperk tot die skouspelagtige en word jy blind daarvoor dat jy, soos die karakter David Copperfield in Charles Dickens se gelyknamige roman sê, geroep is om die held in jou eie en in ander se klein lewensverhaal te wees.

Soos 'n mens dit in die deernisvolle behandeling en versorging van pasiënte wat aan Covid-19 ly, teëkom; in die moed van kinders wat die boelies in hul wêreld oorkom; die moed van 'n mens wat 'n lewenskrisis dapper hanteer; die moed om die dood van 'n kind of 'n lewensmaat te verwerk; die moed om aan te hou probeer as jy misluk in jou studie, werk of verhoudingslewe.

Ons dink selde sulke dinge is heldhaftig weens die verbete wedywering waardeur die buitengewone en die asembenemende – in die vorm van 'n soort "olimpiese" verste, hoogste, meeste, rykste, slimste – die allermaatstaf vir 'n betekenisvolle lewe word. Jy wil tot elke prys die ander oortref pleks van om tot elke prys deernisvol en opofferend diensbaar aan ander te wees.

'n Onbesonge heroïese ding wat in jou eie lewenstorie tereg kan kom of nie, het te doen met 'n lewensopdrag: Om jouself te wees. Dít eis die moed om nie bang te wees om van ander afgesluit te word nie – om alleen te staan en die koue wind van kritiek, bespotting en verwerping te trotseer as die gewilde dogmas van die dag vir jou 'n verleentheid is; as jy nie langer 'n naprater en agternaloper kán wees nie.

Jy moet 'n bietjie soos die gek Griek Zorba in Nikos Kazantzakis se gelyknamige roman kan sê: "Man needs a little bit of madness, or else he never dares to cut the rope and be free." Niks daarvan kom sonder heroïese moed nie. Anders as wat die prestasiekultuur dikteer, word so 'n heldhaftige lewe nie breedsprakig geproklameer nie, maar sagter geleef in die klein berigte van menslike bestaan; in die voetnote van die groot menslike joernaal.

In dié joernaal gaan dit nie oor 'n skouspelagtige "olimpiese" vinniger, hoër en sterker nie, maar om 'n lewensleuse: Om naby die kern van jou menswees te leef; nader aan 'n ander te kom; én 'n naaste vir 'n ander te wees.

** Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/deernis-moed-tekenend-van-olimpiese-lewe-20210803

Brood vir die pad

Deense filosoof laat ons nadink oor angstigheid

RRV

In Clare Carlisle se boeiende biografiePhilosopher of the Heart: The Restless Life of Søren Kierkegaard (2019) het een van die hoofstukke die opskrif "How to be anxious".

Dié hofie sinspeel onder meer op gedagtes in Kierkegaard se boek Begrebet Angest (1844; in Engels vertaal as The Concept of Anxiety). Hierin merk die 19de-eeuse Deense filosoof op dat dit 'n teken van selfmisleiding of gebrekkige geestelikheid is as ons meen dat ons angs kan vryspring. Geen inkwisiteur, meen Kierkegaard, kan jou so vreesaanjaend folter soos angs nie. En geen geheime agent is meer geslepe as angs om jou in 'n lokval te lei nie. Ons kan daarom nie angs ontvlug nie; nie bedags of snags nie; ook nie deur vermaak of werk nie.

Elders skryf Kierkegaard dan ook dat net soos 'n dokter kan bevestig dat daar niemand is wat heeltemal gesond is nie, kan 'n kenner van die menslike hart beaam dat daar geen mens is wat nie soms wanhoop, onrus of angs beleef nie.

Min van ons voel in hierdie dae nie die houvas van angs op ons lewens nie. Daar word selfs, met goeie rede, gepraat van 'n kollektiewe angsgevoel. So, miskien is die vraag hóé om angstig te wees juis gepas.

In The Concept of Anxiety – 'n ingewikkelde werk wat onder 'n skuilnaam verskyn het – verbind Kierkegaard angs met die bewuswording van vryheid. Ons is vry om keuses te maak en te handel, maar hierdie moontlikheid is ook duiselingwekkend, soos die konfrontasie met 'n afgrond of 'n onseker toekoms. Die angs wat vanuit vryheid se moontlikhede ontspring, kan wel ook vormend en suiwerend wees. Daarom die uitdaging om reg angstig te wees.

Soos Kierkegaard dit stel: "It is an adventure that every human being must live through, learning to be anxious so as not to be ruined either by never having been in anxiety or by sinking into it. Whoever has learned to be anxious in the right way has learned the ultimate."

Só verstaan, kan angs dus sowel 'n seën as 'n vloek wees. Het Jesus dan nie op Sy kruisweg in die tuin van Getsemane beangs geword nie? Dit is so dat angs kan verlam, maar angs kan ons ook tot aksie en kreatiwiteit beweeg.

Vir Kierkegaard word ons van God bewus deur ervarings van wanhoop en angs. Daarom sy oortuiging, soos Carlisle dit in haar biografie stel, "that joy lies on the far side of suffering, that struggle must precede consolation, that only the one who was in anxiety finds rest."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-deense-filosoof-laat-ons-nadink-oor-angstigheid-20210731

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877